# SIMPTOME TEENOOR OORSAKE

| **Simptoom** | | **Waarskynlike oorsaak** |
|---|---|---|
| 1. Leerder kry volpunte vir sy speltoetse maar spel die woorde net 'n paar dae later weer verkeerd. | | A. Swak visie en/of visuele korttermyngeheue. |
| 2. Wanneer gekonfronteer word met vier vorms wat eenders is en 'n vyfde wat effens verskil, vind die leerder dit moeilik om te sê watter vorm nie pas nie. | | B. Interpretasie van posisie-in-die-ruimte. |
| 3. Sukkel om dinge in volgorde te leer, soos bv. dae van die week, maande van die jaar, en die alfabet. | | C. Verdeelde aandag en werkende geheue swak. |
| 4. Kan letters korrek klank maar kan dan nie die letters saamvoeg in 'n woord nie. Sal byvoorbeeld *k-a-t* klank maar dan *koud* sê. | | D. Visuele diskriminasie van vorms. |
| 5. Dagdroom. | | E. Gebrek aan kreatiwiteit. |
| 6. Kan nie opdragte wat nou net gesê is onthou nie. | | F. Swak visuele geheue. |
| 7. Leerder se punte ry vreeslik wipplank. | | G. Ouditiewe analise. |
| 8. Ken klanke maar sukkel om sigwoorde te leer. | | H. Diskriminasie van voorgrond-agtergrond. |
| 9. Skryf verkeerd van die bord af. | | I. Swak langtermyngeheue. |
| 10. Woordherkenning is goed maar leesbegrip swak. | | J. Swak ouditiewe korttermyngeheue. |
| 11. Kan nie klanke weglaat om ander woorde te vorm nie, byvoorbeeld slang sonder [s] = lang | | K. Werkende geheue en/of logiese denke. |
| 12. Vind dit moeilik om twee dinge gelyktydig te doen, soos om te luister en notas te neem. | | L. Gefokusde aandag en volgehoue aandag. |
| 13. Omruilings van b/d/p/q. | | M. Ouditiewe sintese. |
| 14. Sukkel met skryf van opstelle en praatjies uitwerk. | | N. Swak reeksgeheue. |
| 15.Verloor plek as lees. | | O. Emosionele probleme. |